



**Pinkster 2017**  
**Christus het ons vrygemaak ...**

In aansluiting by die NG Kerkfamilie se viering van Reformasie 500 in 2017 saam met Protestantse gelowiges oor die wêreld heen, dink ons met vanjaar se Pinksterreeks as kerkfamilie saam oor die sentrale boodskap van die sestiende-eeuse Kerkhervorming of Reformasie, naamlik dat Christus ons uit genade van sonde en skuld vrygemaak het. Vir die kerkhervormers was dit glashelder. Hierdie vrymaking is nie uit eie krag en inisiatief nie. Dit is God wat in Christus aan ons vryheid skenk. Daarom is ons vrygemaaktes wat in dankbaarheid die gawe van vryheid ontvang en met oorgawe omhels, om oorwinnend te lewe.

Die oorwinningslewe as vry mense is Pinksterlewe! Deur die krag van die Heilige Gees kan vrygemaakte mense in navolging van Jesus Christus getuig van God se koninkryk wat in Christus tot by ons gekom het. Pinkstermense word geroep om in vryheid uitdrukking te gee aan die transformerende krag van Christus se Gees wat in ons uitgestort is, sodat die kerk van Christus 'n toonbeeld kan wees van die radikale vryheid wat haar Here bewerk het.

In hierdie jaar van herdenking, staan ons tydens die tradisionele Pinksterdienste in die NG Kerkfamilie stil by die gedagte dat ook gereformeerde Christene en kerke in Suid-Afrika tot vryheid geroep is. Ons is deur die Heilige Gees toegerus om oor die goeie nuus van Christus se vrymakende sending na die wêreld te getuig. In hierdie herdenkingsjaar wil ons mekaar herinner aan Christus se daad van bevryding, én ons wil mekaar aanspoor tot geloofsgetroue navolging van ons Here in ons daaglikse lewe as bevryde gelowiges en as kerk. Ons is inderdaad bevry en daarom kán ons ook anders leef. As dissipels van Jesus hoor ons die waarheid van God se Woord en wil ons gehoorsaam reageer as sy gestuurdes na die gebroke wêreld met die helende boodskap dat Christus ons vrygemaak het.

Die reeks beklemtoon die oortuiging dat die vryheid wat Christus bewerk het juis betekenis het vir die brose en gebroke konteks waar die vryheid van mense en gemeenskappe bedreig word. In aansluiting by die doel van die Reformasie 500 vieringe wil hierdie reeks oordenkings in die Pinkster van 2017 deur die kragtige werking van die Heilige Gees daarvan getuig dat Christus alle bande wat ons mag bind, kom losmaak het. En ons wil mekaar in die Naam van die Drie-enige God oproep om die vryheid van 'n Christenmens te beoefen.

Die reeks sluit aan by twaalf temas wat die Reformasie 500 Taakspan (NG Kerkfamilie) geïdentifiseer het as temas vir pamflette wat maandeliks in 2017 deur die Christelike Lektuurfonds uitgegee word. Die reeks bou op die implikasies wat Christus se vrymaking vir mens en natuur het. Daarom maak temas soos hoop, lewe, belydenis, omgee, priesterskap, sorg vir die skepping en die sing van 'n nuwe lied alles deel uit van hierdie Pinksterriglyne. Vanuit die oorhoofse tema "Christus het ons vrygemaak ..." vloei die ander temas voort om die kinders van die Kerkhervorming in Pinkstertyd te help nadink oor wat ons tradisie van Christus raakgesien en oorgelewer het.

Die tien oordenkings vir die reeks, tesame met die name van die outeurs, is soos volg:

**Oordenking 1: Galasiërs 5:13-26 (Ntozakhe Simon Cezula)**

Hemelvaartfees: Ons is vrygemaak deur God wat hoop gee

**Oordenking 2: Matteus 1:18-25 (Helené Fouché)**

Christus het ons vrygemaak vir hierdie lewe

**Oordenking 3: Romeine 9:30 tot 10:21 (Henco van der Westhuizen)**

Christus het ons vrygemaak om te kan bely

**Oordenking 4: Lukas 1:39-56 (Lee-Ann Simon)**

Christus het ons vrygemaak om in geloof anders te kyk

**Oordenking 5: Romeine 12:1-21 (Akash Sirpal)**

Christus het ons vrygemaak, daarom gee ons om

**Oordenking 6: 1 Petrus 2:9-10 (Mariëte Frantz)**

Christus het ons vrygemaak, daarom is ons sy priesters

**Oordenking 7: 1 Korintiërs 1:17-31 en 9:16-27 (Myrtle Neewat-Joubert)**

Christus het ons vrygemaak om anders te werk te gaan

**Oordenking 8: Galasiërs 2:1-10 en 2:21 (Joseph Pali)**

Christus het ons vrygemaak om vreesloos in die openbaar te leef

**Oordenking 9: Romeine 8:19-21 (Christina Landman)**

Christus het ons vrygemaak om vir God se skepping te sorg

**Oordenking 10: Psalm 137:1-4 en Openbaring 5:9-10 (Derik Myburgh)**

Pinkstersondag: Christus het ons vrygemaak om 'n nuwe lied te sing

Ons het groot waardering vir ons medewerkers vir die beskikbaarstelling van die Pinksteroordenkings. Daar is die tien skrywers: Ntozakhe Simon Cezula, Helené Fouché, Henco van der Westhuizen, Lee-Ann Simon, Akash Sirpal, Mariëte Frantz, Myrtle Neewat-Joubert, Joseph Pali, Christina Landman en Derik Myburgh. 'n Groot dankie aan Amanda Carstens van Christelike Lektuurfonds wat die reeks elektronies gereed gekry het. Nogmaals dank aan al die betrokkenes.

Mag Pinkster in julle gemeentes geseënd wees en mag die Heilige Gees ons help om die heerlike vryheid wat Christus aan ons geskenk het uit te leef, sodat die wêreld kan glo dat Christus leef.

**Eddie Orsmond en Donald Gantana**, namens die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis asook die Seisoen van Menswaardigheid.

## Dag 1: Hemelvaartfees: Ons is vrygemaak deur God wat hoop gee

Galasiërs 5:13-26

Ntozakhe Simon Cezula

### 1. Vryheid om mekaar lief te hê

Galasiërs 5:13 is die fokusteks vir hierdie oordenking: "Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie, *maar dien mekaar in liefde*" (1983-vertaling, my beklemtoning).

Daar word beweer dat die Christelike geloof die dominante geloof in Suid-Afrika is, met bykans 80% van die bevolking wat hulself Christene noem. Maar Suid-Afrika is tans in 'n stryd gewikkel om te onderskei tussen vryheid van spraak soos wat dit in ons Handves van Regte vervat word, aan die een kant, en haatspraak, wat 'n persoon of 'n groep op die basis van geslag, etnisiteit, geloof, ras, gestremdheid of seksuele oriëntasie aanval, aan die ander kant. Die Regering beoog om die *Wetsontwerp op die Voorkoming en Bestryding van Haatmisdade en Haatspraak* binnekort in die Parlement voor te lê. Te midde hiervan vier praktiserende en aktiewe Christene die hemelvaart van Jesus Christus, 'n gebeurtenis wat aandui dat Hy sy aardse sending om ons vry te maak (Galasiërs 5.1) toe reeds voltooi het. Wat beteken vryheid vir ons as Christene in hierdie konteks? Alhoewel ons nie direkte ooreenkomste met ons eie omstandighede mag vind nie, kan Galasiërs 5:13-26 ons bemagtig om daarmee om te gaan.

### 2. 'n Alternatiewe manier

In Galasiërs 5 verwerp Paulus die idee dat besnydenis 'n voorwaarde is vir nie-Jode om in Christus te wees en hy gee ook riglyne oor hoe vryheid in Christus uitgeleef behoort te word. Die eerste gedeelte (vers 1 tot 12) is oor die verhouding van Christene met God en die laaste gedeelte (vers 13 tot 26) oor Christene se verhouding tot mekaar. In tegniese terme kan ons sê dat dit eerstens gaan oor die teologiese aspekte en tweedens oor die etiese aspekte. Die eerste verhouding, ons verhouding tot God, behoort die tweede, ons verhouding tot mense, te bepaal. Deur ons van die wet te bevry, bevry Jesus ons van die slawejuk waarna ons nie moet terugkeer nie (vers 1). Paulus sê hier dat vryheid nie gebruik moet word om sonde te beoefen nie, maar ons moet mekaar in liefde dien. Die praktyke van die sondige natuur lei tot onsedelikheid, afgodsdien, rusies en 'n gebrek aan selfbeheersing (vers 19 tot 21).

Daar moes heelwat spanning en vyandigheid onder die gelowiges van Galasië gewees het. Na bespreking van die kwessie van besnydenis wat verdeeldheid onder die Galasiërs moes veroorsaak het, verwens Paulus diegene wat die Galasiërs ontstig (vers 12). In die volgende etiese gedeelte, sê Paulus dat die Galasiërs mekaar byt en verskeur en waarsku hulle dat hulle mekaar naderhand sal verslind (vers 15). Hy leer hulle dat liefde die wet vervul (vers 14). In vers 19 tot 20, noem hy 15 voorbeelde van sondige praktyke waarvan agt met konflik te doen het. Die nadruk wat hy plaas op die voorbeelde wat oor konflik gaan, impliseer dat die Galasiërs veral vatbaar was vir sondes in verband met persoonlike verhoudings. Paulus sluit die hoofstuk af deur teen verwaandheid, uittarting van ander en afgunstigheid te waarsku (vers 26). Dit versterk die intuïsie van ongesonde verhoudings onder die gemeentes van Galasië. Paulus moedig hulle sterk aan om die vryheid uit te leef wat hulle verkry het deur die geloof. Charles B. Cousar (1982: 125) som Paulus se leringe van vers 22 tot 23 soos volg op: "vryheid het te make met die oorkoming van onmin in die gemeenskap, met die aankweek van die gawes van geduld, sagmoedigheid en selfbeheersing asook met die dra van mekaar se laste." Hierdie is 'n alternatief tot onenigheid.

### 3. Die uitdaging in God se woord

Twee-en-twintig jaar nadat Suid-Afrika die pad van nasionale versoening aangepak het, oorweeg die regering wetgewing teen haatspraak. Daar is ten minste twee vrae hieroor. Die eerste is of polarisasie in Suid-Afrika werklik sodanig is dat dit deur wetgewing beheer moet word. Die tweede vraag raak die vrees van sommige mense dat die wetgewing vryheid van spraak en godsdiensvryheid mag inperk. Wat ook al die antwoorde, dit lyk asof ons 'n probleem met haatspraak in die land het. Daar is twee verdere punte wat in hierdie verband opgehaal moet word. Die eerste is die opmerking van 'n deelnemer in die haatspraakdiskoers rakende die gebruik van die woord *kaffer*, dat hy, as 'n Christen en 'n nie-Moslem, per definisie 'n *kaffer* genoem kan word. Wat ook al sy bedoelings was, het dit, te oordeel na die reaksie wat dit uitgelok het, dinge glad nie beter gemaak nie. Dit word hier genoem, omdat hierdie persoon homself as 'n Christen geïdentifiseer het.

Die tweede verwysing is 'n reaksie op die beoogde haatspraakwetgewing vanaf 'n organisasie wat hulself *Freedom of Religion South Africa* (FOR SA) noem en wat sogenaamd 'n "stem vir Christene in Suid-Afrika" is. Die organisasie beweer dat vryheid van spraak en godsdiens in gedrang is. 'n Prediker wat 'n homofobiese preek gelewer het, word voorgehou as 'n voorbeeld van iemand wat deur hierdie wetgewing bedreig sou word. Weereens word hierdie organisasie genoem as gevolg van die selfidentifikasie daarvan as 'n stem vir Christene in Suid-Afrika.

Die argumente van die twee voorbeelde hierbo is nie hier die saak van bespreking nie, slegs die feit dat Christene hulle grondwetlike regte beoefen. In die lig hiervan is die vraag watter implikasies die beoefening van vryheid het vir mense wat vrygemaak is deur God wat hoop gee.

#### **4. Vrygemaak deur Christus om mekaar te dien**

Paulus sê in vers 13 dat die Galasiërs tot vryheid geroep is. Hulle moet egter nie hul vryheid gebruik om sonde te doen nie, maar hulle moet mekaar in liefde dien. Christene moet hul vryheid uitoefen en benut. In die proses moet liefde vir ander sigbaar wees. God is bly wanneer ons liefde beoefen, maar dit maak hom hartseer wanneer ons haat beoefen. Met ander woorde, vryheid wat tot haat lei, is 'n verskoning om sonde te doen. Vryheid wat 'n persoon of 'n groep aanval op grond van geslag, etnisiteit, geloof, ras, gestremdheid of seksuele oriëntasie is 'n verskoning om sonde te doen. Om in Christus te wees, is om in verhouding te staan, vertikaal en horisontaal, selfs wanneer ons ons vryheid uitoefen. Dit is nie genoeg om te konsentreer op 'n goeie verhouding tot God nie as goeie verhoudings met ander afgeskeep word nie. Dis miskien goed om die volgende te herhaal: "vryheid het te make met die oorkoming van onmin in die gemeenskap, met die aankweek van die gawes van geduld, sagmoedigheid en selfbeheersing asook met die dra van mekaar se laste." Haatspraak is teen al hierdie dinge en is daarom 'n verskoning om sonde te doen. In hierdie konteks is sonde dít wat nie in God se belang is nie.

#### **5. Ons nooi mekaar uit om saam te gaan**

As die sout en die lig van die wêreld (Matteus 5:13 en 14), laat ons onthou "Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes" (Galasiërs 6:8).

Wanneer ons Hemelvaart vier, laat ons mekaar uitnoui om die Woord te hoor om ons gemeenskap te genees.

#### **5. Gebedstemas**

Voordat ons bid, laat ons mekaar vertel van:

- geleenthede waar ons (reg of verkeerd) beskuldig is van haatspraak.

- geleentede waar ons die slagoffers was van haatspraak.

Laat ons bid: Ons bely die kere dat ons ander nie menslik en waardig behandel het nie. Ons bring mense na God wat daagliks ervaar dat hulle nie met menswaardigheid hanteer word nie.

## **6. Verwysings**

Cousar, Charles B. 1982. *Galatians: Interpretation, a Bible Commentary for Teaching and Preaching*. Louisville, Kentucky: John Knox Press.

## **Dag 2: Christus het ons vrygemaak vir hierdie lewe**

Matteus 1:18-25

Helené Fouché

### **1. Inleiding**

Ons is dikwels vasgevang in allerlei gevestigde praktyke en idees waarvolgens ons 'n reeks dinge op sekere maniere doen en waarvolgens ons ander dinge nie mag of wil doen nie. Met ons lyste reëls sluit ons soms mense uit of ontnem ons onself die voorreg – wat Jesus se kruisdood vir ons bring – om as vrygemaaktes op hierdie aarde saam met ander te leef.

### **2. Die familie van Jesus**

Die Matteusevangelie begin met die geslagsregister van Jesus Christus wat as Maria en Josef se kind gebore is. Hierdie geslagsregister herinner ons aan Jesus en (veral) Josef en Maria se Joodse agtergrond. Hulle Joodse agtergrond het gehoorsaamheid aan sekere wette en gebruike geïmpliseer.

Tussen die lyne lees ons 'n verhaal raak van 'n pa wat iemand anders se kind aanvaar as sy eie. 'n Pa wat as't ware ervaar hoe hy in hierdie lewe vrygemaak is van aardse praktyke, wette en veronderstellings, sodat hy na die wil van God kan luister. Wanneer Josef agterkom Maria is swanger, is sy eerste gedagte waarskynlik dat sy 'n ander man het. Daarom beplan hy aanvanklik om die verlowing te verbreek.

Die Joodse wet laat Josef selfs toe om Maria oor haar voorhuwelikse swangerskap te laat doodmaak. 'n Huwelik was 'n eiendomstransaksie; die pa van 'n dogter het sy eiendom (dogter) aan 'n ander man oorgegee. Indien 'n getroude of verloofde vrou met 'n ander man seksuele omgang sou hê, sou die man se eiendomsreg in gedrang gekom het.

Josef is egter gehoorsaam aan die boodskapper van God wat hom in 'n droom besoek. Hy tree teen algemene verwagtinge en buite die reëls van die Deuteronomistiese wette op deur te besluit om aan Maria verloof te bly en hy trou uiteindelik met haar.

Ons glo steeds dat Jesus se geboorte van God kom én dat die Kind in die familie van Koning Dawid gebore is – soos voorspel is.

### **3. Aanneming op 'n totaal nuwe vlak!**

Die 1953-vertaling van die Bybel in Afrikaans noem Josef in Matteus 1:19 “regverdig”. Die verhaal laat nie blyk of Josef probeer uitvind het of Maria wel getrou aan hom was nie. Hy berus hom by die boodskap van God en onderneem om die kind wat nie sy eie is nie groot te maak. Josef se optrede leer ons iets van die gevolg van God se aksie in dié wêreld, asook dat Josef God toelaat om hom te gebruik. Maria en Josef praat nooit in die verhaal nie, slegs die engel van God praat. Josef en Maria se enigste aksie is hul gehoorsaamheid.

Josef is gehoorsaam deur Jesus se naam aan Hom te gee. Met hierdie aksie erken hy Jesus as sy seun. Daardeur neem hy Hom ook aan in die familie van Dawid. Jesus beteken “God red” en Immanuel beteken “God met ons.” Die betekenis van die maagdelike geboorte en die groot misterie van Immanuel is beide daarin opgesluit dat God met ons is. En dit is genoeg!

Ons hoor nie weer van Josef in die verhaal van Jesus in die Evangelies nie. Ons weet wel dat Josef Jesus onvoorwaardelik as sy eie aanvaar het.

### **4. Jesus is anders**

Jesus – kom ons van die begin af agter – is anders as sy ouers (en familie). Andrew Solomon (2012) herinner ons in sy boek *Far from the Tree: Parents, Children and the Search of Identity* aan hedendaagse kinders wat ook anders is as hul ouers: kinders met gestremdhede, kinders wat gebore word weens 'n verkragting, kinders wat misdaad pleeg, kinders wat aan die LGBTI-gemeenskap behoort. Hy skryf hoe ongelukkig die gesinne is wat hierdie kinders verwerp, terwyl geluk juis opdaag wanneer hierdie gesinne die sogenaamde “vreemde” of “uitsonderlike” kinders op allerlei maniere aanvaar.

In 'n onderhoud noem Solomon dat alle kinders eintlik in mindere of meerdere mate anders is as hul ouers en dat dit altyd grense oorsteek wanneer enige ouer 'n kind omhels.

Vir ons as Christene is dit juis die Inkarnasie (God wat in Jesus Christus mens geword het) en die kruis wat dit vir ons moontlik maak om “anderster” dinge in hierdie lewe aan te gryp of te doen. Dit word vir ons moontlik om vreemdelinge lief te hê en deel te maak van ons familie, omdat die Inkarnasie ons verseker dat niks en niemand vir God vreemd is nie. Ons kan selfs lyding verduur omdat die kruis ons herinner dat geen lyding vir God onbekend is nie.

### **5. Josef, metafoor van gehoorsaamheid**

In Jesus se geboorteverhaal is Josef se gehoorsaamheid 'n voorbeeld van gedrag wat nie deur gangbare opvattinge ingeperk word nie. Die vreemdheid tussen ons en God word oorbrug met die menswording van God in Christus. God nooi ons as vreemdelinge in sy familie in deur Christus se gehoorsame daad.

Christus se geboorte (sy koms na die aarde) en sy kruisdood maak ons vry. Dis juis dít wat ons in die herdenkingsjaar van die Kerkhervorming (of Reformasie) wil vier en waaraan ons onself moet herinner. Ons moet onthou Christus het ons reeds bevry en dat ons as vrygekooptes in hierdie lewe mag leef.

Ons is nie meer slawe van die wet nie. Ons is ook nie meer slawe van enige kulturele gebruike nie. Soos Josef (en Jesus regdeur sy aardse bediening) mag ons dus anders leef as wat die wêreld van ons verwag of vir ons voorskryf. Josef wys ons hoe om vreemdelinge in ons teenwoordigheid in te nooi – soos hy in gehoorsaamheid aan die boodskapper van God.

Wie was dit wat gesê het: “Indien jy 'n vreemdeling wil inlaat, word 'n ouer”?

### **6. Gebedstemas**

Oorweeg om met julle stilwordgeleentheid te luister na die *Lied van de Moeder – Pieta* van Stef Bos, beskikbaar op sy album *In een ander licht*.

- Dink aan kere dat jy gevoel het jy is “uit” en onwelkom. Dalk het jy al selfs vir jou lewe gevrees. Deel dit met God.
- Identifiseer praktyke en veronderstellings in jou denkraamwerk wat jou vasgevang laat voel of mense laat uitstoot. Praat met God daaroor.
- Vra die Here om sensitiwiteit te kan hê teenoor mense wat verstote voel.
- Bid vir kinders sonder heenkome.
- Bid vir mense wat nie vry is om God in hul eie land te aanbid nie om tog sy teenwoordigheid by hulle te kan ervaar.

## **7. Verwysings**

Bos, Stef. 2009. *In een ander licht*. Vervaardig deur Niemandland.

Solomon, Andrew. 2012. *Far from the Tree: Parents, Children and the Search of Identity*. New York: Simon & Shuster.



### **Dag 3: Christus het ons vrygemaak om te kan bely**

Romeine 9:30 tot 10:21

Henco van der Westhuizen

#### **1. 'n Brief oor die genade**

Die brief van Paulus aan die Romeine is deur die eeue heen as een van sy belangrikste geskrifte gesien. Dit is in hierdie brief waarin hy sy begrip van die evangelie in detail beskryf. Vir Paulus is die inhoud van die evangelie Jesus Christus. Vir hom is hierdie Jesus die Here - ons Here deur wie hy die genade ontvang het (Romeine 1: 4 en 5). En vir hierdie Jesus skaam hy hom nie (Romeine 1:16).

In die gedeelte van die brief waaruit ons skriflesing is, vra Paulus: "Wat is nou ons gevolgtrekking?" (Romeine 9:30, 1983-vertaling). En dit het hy in detail uiteengesit. Almal het gesondig; Jode en nie-Jode is vasgevang in die sonde (Romeine 3: 23 en 9). Vir hom is dit duidelik: "Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie" (Romeine 3:10). Maar, en dit is wie Jesus Christus vir hom is, "hoe meer die sonde geword het, hoe oorvloediger het die genade geword" (Romeine 5:20). Hulle wat sondaars is, word "sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus" (Romeine 3:24).

Dit is waarom die brief gaan: God oordeel regverdig deurdat Hy elkeen vryspreek wat in Jesus glo (Romeine 3:26).

#### **2. Die genade alleen**

In 1545, 'n jaar voor sy dood, word 'n uitgawe van Martin Luther se werke in Wittenberg gepubliseer. Luther word die geleentheid gegee om 'n voorwoord te skryf vir een van die volumes. Hy gebruik dit om te reflekteer oor die begin van sy loopbaan in Wittenberg:

I hated that phrase, 'the righteousness of God.' [...] Although I lived blamelessly as a monk, I felt that I was a sinner with an uneasy conscience before God. [...] At last, God being merciful, by meditating day and night on the connection of the words 'the righteousness of God is revealed in it, as it is written: the righteous shall live by faith', I began to understand that 'righteousness of God' as that by which the righteous lives by the gift of God, namely by faith, and this sentence, 'the righteousness of God is revealed', to refer to a passive righteousness, by which a merciful God justifies us by faith. [...] From that moment, the whole face of scripture appeared to me in a different light!

Dit is in hierdie woorde uit hierdie brief van Paulus wat Luther die genade van die Here Jesus Christus laat herontdek: "As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered" (Romeine 10:9-10). Deur "hierdie een mens, deur die Een, Jesus Christus", het ons in die geloof "vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan" (Romeine 5: 17 en 2).

Wat Luther in hierdie woorde ontdek is Paulus se hermeneutiek, sy grondslag, sy basis, dit waarop hy sy begrip van sy geloofslewe bou. Wat Luther herontdek, is 'n hermeneutiek van genade!

Dit is juis daarom dat Paulus aan die Romeine skryf dat hy bid "dat hulle [sy volk] gered word" (Romeine 10:1). Want hy "kan van hulle getuig dat hulle vol ywer vir God is, maar sonder die regte insig" (Romeine 10:2). Hulle wil niks van "God se manier van vryspraak weet nie, hulle probeer dit op hulle eie manier kry" (Romeine 10:3).

Die nie-Jode wat nie die Here se vrypraak gesoek het nie, sê hy, het dit wel gekry: “die vrypraak *deur die geloof*”, maar dié wat 'n wet gesoek het waardeur hulle die Here se vrypraak sou kon kry, “*het by so 'n wet nie uitgekom nie*” (Romeine 9:30 en 31, my beklemtonings). Waarom kon hulle nie die vrypraak kry nie? Want, sê hy: “hulle wou nie op die geloof bou nie, maar op hulle eie prestasies” (Romeine 9:32). Vir hulle is Jesus Christus dus nie die einde van die wet nie.

Hulle hermeneutiek, hulle grondslag, hulle basis, dit waarop hulle hulle begrip van hulle geloofslewe gebou het, was die wet!

### 3. Die wet alleen?

Vanjaar word die Hervorming (of Reformasie) wêreldwyd herdenk. Prof. Dirkie Smit skryf in 'n onlangse rubriek in *Die Burger* (14 Januarie 2017) hieroor. Vir talle sou die motto *ecclesia reformata semper reformanda secundum verbum Dei* tekenend word. Die sleutel is die laaste woorde: 'n hervormde kerk bly steeds aan die hervorm *volgens die woord van die Here!*

Prof. Smit skryf dat die Reformasie ten diepste gegaan het oor die bedoelinge van die evangelie self. Hierdie bedoelinge, sê hy, moes “steeds al meer ontdék word, beter verstaan, helderder onderskei [word]. Dis nie asof die Kerk ooit wéét nie, die Kerk moes steeds bly leer, núút luister, núút hoor, béter verstaan, fyner gewaar word”. Maar, sê Smit (wat na Barth se insigte verwys), “dit kan gebeur dat ander ons verbygaan deur te dóén waarop ons eintlik roem dat dit is wie óns is en wat óns doen.”

En dalk is dit wat ook in ons dag - vandag - aan die gebeur is. Is óns hermeneutiek, óns grondslag, óns basis, dit waarop ons óns begrip van ons geloofslewe bou, nie ook maar die wet nie? Bid óns nog soos Paulus dat óns liefde “al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling”, sodat ook óns “die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom” (Filippense 1: 9 en 10)? Bid ook óns, soos hy dat Christus deur die geloof in óns harte sal woon en dat óns “in die liefde gewortel en gegrondves sal wees” (Efesiërs 3:17)? Dat óns in staat sal wees om sáám met ál die gelowiges te begryp “hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek” (Efesiërs 3:18)? Dat ook óns sy liefde mag ken, “liefde wat ons verstand te bowe gaan” (Efesiërs 3:19)?

Kortliks: Is óns hermeneutiek, óns grondslag, óns basis, dit waarop ons óns begrip van ons geloofslewe bou die genade? Of het dit gebeur dat ander ons verbygaan het “deur te dóén waarop ons eintlik roem dat dit is wie óns is en wat óns doen”?

### 4. Gebedstemas

- Bid dat die Here ons liefde al hoe meer sal laat toeneem en dat ons in die liefde gewortel en gegrondves sal wees.
- Bid dat die Here ons in staat sal stel om saam met ál die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek, dat ons sy liefde - die liefde wat ons verstand te bowe gaan - sal ken.
- Bid dat die Here ons hermeneutiek, ons grondslag, ons basis, dit waarop ons ons begrip van ons geloofslewe bou die genade sal maak!

### 5. Verwysings

Smit, Dirkie. 2017. Geestelike waardes: Gedenk en vier is geen speletjies nie. *Die Burger* (Kaapstad). 14 Januarie 2017.

## **Dag 4: Christus het ons vrygemaak om in geloof anders te kyk**

Lukas 1:39-56

Lee-Ann Simon

### **1. Die seën en lof van Elisabet en Maria - ook vir ons dag?**

Christene word daaglik steeds uitgedaag deur sosiaal-maatskaplike probleme wat sigbaar is in die lewe van broers en susters op die Kaapse vlaktes, maar ook elders. Dit is elke dag 'n stryd om oorlewing. Dit vra 'n kopskuif om by die begin te begin. Die begin, in dié geval, is die bril waardeur ons na gesinne of families kyk. Ons samelewing bestaan immers uit verskillende families. Vir sommige is dit vanselfsprekend dat 'n gesin hoofsaaklik bestaan uit 'n moeder, vader, broers en susters. Die werklikheid is egter dat kerngesinne soos dié, eerder die uitsondering as die reël is. In die grootste deel van die samelewing is moeders alleen verantwoordelik daarvoor om kinders groot te maak. Hulle doen dit na die beste van hulle vermoë met minimale bronne tot hulle beskikking. In die meeste arm gemeenskappe is vroue dus paradoksaal die mense met die grootste invloed, maar die minste mag.

### **2. Vrygemaak deur Christus, maar gebonde deur armoede?**

As Christus ons dan vrygemaak het, waarom leef die grootste deel van ons samelewing nog in die kettings van armoede? Diegene wat die swaarste getref word deur armoede is vroue en kinders. Kan ons praat van vryheid terwyl ons susters en kinders steeds gebonde is en teruggehou word deur armoede, asook ekonomiese en sosiale ongeregtigheid?

'n Verdere belangrike vraag is oor die rol wat die kerk speel in die lewe van diegene wat God oor ons pad stuur. Die oë van geloof behoort ons tog anders te laat kyk na diegene op die rand van die samelewing. Wat en wie ons deur die geloofsoog sien, behoort ons te motiveer om randmense te help om ook die vryheid in Christus te smaak.

Ons kan nie ontken dat mense se omstandighede (sosiaal, polities, ekonomies, opvoedkundig) dikwels die bril vorm waardeur na die wêreld gekyk word nie. Dit is dikwels hartseer, selfs tragies, dat ons perspektief op die lewe van een generasie na die ander oorgedra word. Kinders vind dit moeilik om vanuit 'n ander verwysingsraamwerk na die lewe te kyk as dié waarmee hulle uit hul ouerhuis gesosialiseer is. Die bril van sosialisering verhinder ons om nuwe moontlikhede raak te sien, of ander se omstandighede te verstaan.

Dit is moeilik om anders te kyk na die lewe wanneer broers en susters in Christus nie ook vry is van aardse bande nie, en wanneer almal oënskynlik nie deel in God se genade waartoe materiële voorregte sommiges toegang gee nie.

### **3. God gebruik Elisabet en Maria in sy grootse raadsplan**

Die verhaal van Elisabeth en Maria maak ons bewus van die verskil in die twee vroue se kontekste, hulle gesinne en lewensfasies. Elisabet was 'n vrou wat alreeds in jare aangestap het, terwyl Maria 'n jong verloofde vrou was. Elisabet se menswaardigheid is ontken as gevolg van langdurige kinderloosheid, terwyl Maria na die aanvanklike verwarring geseënd genoem word omdat sy swanger is. Albei vroue word egter deur God raakgesien en in sy diens gestel.

Die Lukasevangelie gee aan albei vroue 'n duidelike stem, iets heel ongewoons vir hulle tyd. Lukas gee die leser 'n nuwe perspektief op die geloof van twee vroue wat deur God uitverkies is om deel te vorm van die uitvoering van God se "anderster" plan vir die wêreld. Elisabet en Maria is nie ingeperk deur die sosiale posisie wat hulle samelewing aan vroue in die uitleef van hul geloof in God toegeken

het nie. God keer die waardes van die tyd “op sy kop” en gebruik ’n “anderster roete” vir sy plan vir die wêreld. Elisabet, wie se menswaardigheid ontken is omdat sy kinderloos was, ontvang nuwe waardering en status in die samelewing. Haar aansien is in die oë van die samelewing verhoog, terwyl Maria ook haar selfwaarde ontdek het. Maria besef die eer wat God haar te beurt laat val, al het sy ’n eenvoudige posisie in die samelewing bekleed.

Lukas 1 (vers 42 en 48) bevestig Maria se begrip van haar situasie wanneer Elisabet uitroep, “Geseënd is jy onder die vroue,” en sy bevestigend antwoord, “Kyk van nou af sal elke nuwe geslag my gelukkig noem.” Die samelewing mag miskien nie vir Maria vereer nie, maar God en ander gelowiges eer haar wel. Lukas is die enigste evangelis wat “Die Loflied van Maria” aanteken.

Ons skrifgedeelte is ook die enigste gedeelte in die vier evangelies waar vroue die geleentheid het om lang toesprake te maak. Lukas eer nie net Maria en Elisabet waarvan die omstandighede verander as gevolg van geloof nie. Die geloof van dié vroue en hulle beskikbaarheid as instrumente van verandering gee aan vroue ’n stem. Deur dit te doen, gee God aan hulle hulle plek in sy grootse verhaal.

#### **4. Lukas kyk deur Christus se oë na die rol van vroue**

Lukas kies om anders na die rol van vroue in die samelewing te kyk. Alhoewel die samelewing reeds ongeveer 2 000 jaar aanbeweeg het, is daar nog te veel vroue wat steeds nie hulle selfwaarde besef nie. Daarom vind hulle dit moeilik om hulle eie stem te vind of te laat hoor. Hulle worstel daarmee om hulle selfwaarde te meet aan die waardes wat die samelewing of enkele invloedryke individue voorskryf, eerder as om te kies om hulle aan Christus se genade te onderwerp.

Christus het ons reeds vrygemaak deur sy koms na die wêreld en deur sy dood aan die kruis. Maar dis asof ons steeds agteruit beweeg. Ons dink soos ons oumas en moeders, want dit is al manier wat ons ken. Dit is die “wentellei” of “revolving slate” (Ivan Boszormenyi-Nagy & Spark, 1973), waardeur een generasie hul rekening (lei) na ’n ander oordra, sonder om werklik die koste te bereken.

Kom ons omhels die genade en vryheid wat met geloof in Christus gepaard gaan en laat ons na onself en ander deur Christus se oë kyk. Ons is almal na God se beeld geskape en daarom kosbaar in sy oë. Kán ons so na mekaar kyk?

#### **5. Gebedstemas**

- Dink in stilte na oor geleenthede waartydens ons ander op grond van hulle sosiale status minderwaardig geag het.
- Nooi mekaar uit om na te dink oor geleenthede waar ons deel was van negatiewe gesprekke en waar ons, al het ons miskien nie eens saamgestem met die trant van die gesprek nie, tog nie die geleentheid gebruik het om mense te help om in geloof anders na mekaar te kyk nie.
- Bid dat Christus ons die moed sal gee om op te staan en ons stem te laat hoor oor sy goedheid, om mense wat God oor ons pad stuur te help om in geloof anders na mekaar te kyk.
- Bid dat ons altyd mag besef God se genade is vir almal bedoel en dat, wanneer ons dit in ontvangs neem, ons ’n verantwoordelikheid het om dit verder te versprei.

#### **6. Verwysings**

Boszormenyi-Nagy, I. & G. Spark. 1973. *Invisible Loyalties: Reciprocity in Intergenerational Family Therapy*. New York: Harper & Row.

## **Dag 5: Christus het ons vrygemaak, daarom gee ons om**

Romeine 12:1-21

Akash Sirpal

### **1. Van kennis tot praktyk**

Hoe ons behoort te lewe, word opgesom in die woorde van 'n *sola* ('n frase wat die Latynse woord vir 'alleen' gebruik) van die Hervorming: 'Lewe alleen tot God se eer.'

Nadat Paulus elf hoofstukke gewy het aan die teologie oor die geloof, beweeg hy aan om praktiese optrede of etiese praktyk in Hoofstuk 12 te behandel. Hy sê as't ware: In ag geneem wat God gedoen het, is dít die manier waarop ons moet lewe. Deur vers 1 te begin met die woorde "En nou" (1983-vertaling) skakel Paulus dus die leringe wat hy in Hoofstuk 1 tot 11 bespreek het met die bespreking van optrede wat volg.

Ons kan, volgens Paulus, die Woord alleenlik ken as ons eers die Woord doen. Hierdie vers, Romeine 12:1, is 'n oproep tot optrede in reaksie op God se ontferming. Paulus doen 'n beroep op sy lesers om hulself te 'gee' as lewende offers. Hy gebruik nie die woord 'oorgee' nie, wat sou impliseer dat daar 'n mate van teensinnigheid is, maar 'gee' impliseer 'n gewillige, vreugdevolle aksie. God vra dat ons ons gee as 'n offer; dit is 'n versoek aan diegene wat deur God se ontferming vrygemaak is om onder sy genade te lewe en aan God alles te gee wat hulle is.

Ons sal vervolgens sommige van die baie praktiese verse in Romeine 12 ontleed om ons te help om Christus se bevel om vir mekaar om te gee uit te leef.

### **2. Lede van mekaar (vers 5)**

Die Kerk word dikwels beskryf as 'n plek of 'n instansie waarin diversiteit verenig word. Dit is ook 'n eenheid van interafhanklikheid. Ons is nie net deel van dieselfde liggaam nie, maar ons behoort aan mekaar. As ek my regter skouer op die sportveld seermaak, sal my linker hand dadelik en instinktief na my regter skouer toe beweeg. Dit is asof my hand self die pyn voel. Ons, wat baie is, is in Christus een liggaam. Die verskillende instansies wat bekend staan as die URCSA, die NGKA, die NGK en die RCA behoort tot 'n verenigde organisasie, een heilige kerk, en ons behoort aan mekaar. In Galasiërs 6:10 stel Paulus dit duidelik: "Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges."

In vers 6 van Romeine 12, vertel Paulus aan sy lesers hoe die interafhanklikheid van gelowiges behoort te werk. Ons het verskillende gawes wat God volgens die genade aan ons gegee het. My hand dien my skouer op 'n ander manier as wat my voete my skouer dien. Die apostel Paulus noem sewe gawes in vers 6 tot 8, naamlik, om te verkondig, om te dien, om onderrig te gee, om te bemoedig, om te gee, leierskap en hulpverlening.

Om op te som, ons het gawes wat verskil volgens die genade. Hierdie gawes is maniere om ander tot seën te wees met die genade wat God ons gegee het. God mag mens seën met die gawe om genade te bewys, om vrygewig te wees of miskien om ander aan te moedig. Mens kan ook miskien van God 'n sagmoedige hart ontvang wat nood raaksien en daarop reageer. Die hoofsaak is, genade maak ons vry om in eenheid vir ander om te gee.

### **3. Liefde en eerbied (vers 9 en 10)**

Laat die liefde wat ons aan ander betoon opreg wees. Dit moet sonder skynheiligheid wees, want die skynheiliges is slegs besorg oor hulleself. Paulus doen 'n beroep om verandering, hy vra vir 'n vernuwing van denke en waarsku daarteen dat gelowiges aan die wêreld gelyk word (Romeine 12:2).

Christus moet verheerlik word, nie die self nie. Hierdie etiek word in Matteus 6:2 beklemtoon: “As jy byvoorbeeld armes help, moet dit nie uitbasuin nie. Dit doen die skynheiliges in die sinagoges en op straat, sodat mense met lof van hulle kan praat.” Die apostel Paulus belig in 1 Korintiërs 13:3 ’n ander aspek hiervan: “Al deel ek al wat ek het aan ander uit, en al gee ek my liggaam prys om my daarop te kan beroem, maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks.”

Christus roep sy dissipels om toegewy aan mekaar te wees in broederlike liefde. Dit is ’n liefde met bande wat spruit uit ’n lang gemeensaamheid. In krisistye (siekte, dood of eksterne bedreiging) wys gehegtheid ’n kragtigheid. Dit is die soort liefde wat ons vir mekaar behoort te hê. Die genade en ontferming van God het ons vrygestel om te kan omgee.

Om aan iemand eerbied te betoon, beteken dat ons woorde en dade sal wys dat hulle waardig is om deur ons gedien te word. Tog moet ons oppas om net vir een tipe persoon, een ras, een sosio-ekonomiese klas, een opvoedingsklas, een geslag of een ouderdomsgroep eerbied te hê. Jakobus 2:1-6 waarsku daarteen om mense op hul uiterlike te oordeel en hulle daarvolgens te bevoordeel:

My broers, julle wat glo in ons Here Jesus Christus, die Here aan wie die heerlikheid behoort, moet mense nie volgens hulle uiterlike beoordeel nie. [S]ê nou julle maak 'n ophef van die man met die deftige klere en julle sê vir hom: “Kom sit u hier gemaklik,” maar vir die arm man sê julle: “Gaan staan jy daar anderkant” of: “Kom sit hier by my voete,” het julle dan nie onder mekaar onderskeid gemaak en mense op grond van verkeerde oorwegings beoordeel nie?

#### **4. Lê julle toe op gasvryheid (vers 13)**

Vir die Israeliete in die Ou Testament het die verpligting om gasvry te wees uit die essensie van wie God regtig is, gespruit. God beveel sy volk in Levitikus 19:33-34 die volgende: “Wanneer daar 'n vreemdeling by julle in julle land woon, mag julle hom nie onderdruk nie. Julle moet hom soos 'n medeburger behandel en hom liefhê soos julleself. Julle was immers self ook vreemdelinge in Egipte. Ek is die Here julle God.”

In die Nuwe Testament word die verpligting tot gasvryheid ook op die Christengemeenskap gelê: “Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla” lees ons in 1 Petrus 4:9 en “Moenie nalaat om gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige mense sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves” in Hebreërs 13:2.

In Romeine 12:13 dui die opdragfrase “lê julle toe op” ’n aksie aan wat met oorgawe en gedurigdeur beoefen word. Dit is nie iets wat gedoen word slegs tydens die Kersseisoen, gedurende Paastyd of op 16 Desember nie. God se ontferming is sy gasvryheid waardeur hy sondaars verwelkom en ons behoort ook daardie ontferming terug te kaats deur gasvryheid te beoefen.

#### **5. Moenie wraak neem nie (vers 19)**

Almal van ons is al te na gekom op een of ander stadium. Dis moontlik dat ons nooit ’n verskoning of een of ander regstelling gekry het nie. Ons mag dalk voel dat reg moet geskied, dat mense nie kan wegkom daarmee dat hulle verkeerde dinge doen nie. Partykeer klou ons aan woede vas. Ons speel dit oor in oor in ons gedagtes. God gee vir ons vandag as Suid-Afrikaners Romeine 12:19 om die las van ons te lig. Wanneer ons die las van wraak neerlê, sal God dit optel. Vergiffenis is al beskryf as die “vrystelling van ’n gevangene met die wete dat die gevangene ek was”. Dis ’n wonderlike manier van lewe. Dit is vryheid en in hierdie vryheid is daar groot ruimtes vir liefde.

Die belangrikste geskenk wat ons ooit kan kry, is die Seun van God, ons Verlosser. Deur hom kom vergiffenis, herstel en die belofte van ewige lewe wat nou begin en nooit ophou nie. As 'n teenprestasie is die belangrikste geskenk wat ons aan Jesus kan gee ons hart, sodat ons tot sy eer kan lewe. Dit wys ons deur vir ander om te gee.

## **6. Gebedstemas**

- Here, help ons om onself aan u te gee en om alleen tot u eer te lewe.
- Leer ons wat dit beteken om deel te wees van die liggaam van Christus en om aan mekaar te behoort.
- Help ons om mekaar lief te hê, om aan dit wat goed is vas te hou, om ons toe te lê op gasvryheid en om te vergewe.



## Dag 6: Christus het ons vrygemaak, daarom is ons sy priesters

1 Petrus 2:9-10

Mariëte Frantz

### 1. Uit die duisternis geroep

1 Petrus 2:9-10 dien as fokusteks vir die oordenking:

Julle, daarenteen, is die uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God. Julle het tóé geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys (1983-vertaling).

Mens kry soms die gevoel dat ons as wedergebore Christene al meer onsigbaar in die uitlewing van ons geloof binne die samelewing word. Ons het stom en doof en blind geword wanneer dit kom by maatskaplike euwels, korrupsie, rassisme, armoede, en so kan die lys voortgaan, in ons gemeenskappe. Ons skrifgedeelte herinner ons almal weer aan wie ons is in Jesus Christus, die Een wat ons opgetel het en wat vir ons hoop vir die lewe gee. Ons word verder ook as gelowiges tot verantwoording geroep omdat ons vrygekoop is deur die kruisdood van Christus.

### 2. 'n Gans nuwe identiteit

In ons skrifgedeelte beskryf Petrus die nuwe identiteit van die gelowiges, Christene moet die erns van hierdie verse besef. In dié verse lê 'n opdrag om die Woord te gaan verkondig, opgesluit. Alles wat Petrus hier van die kerk sê, is ook in die Ou Testament van Israel gesê. Christene word benoem met titels wat tot op daardie tydstip uitsluitlik op Israel as Ou-Testamentiese volk van God van toepassing was. Christene is “die uitverkore volk”, “'n koninklike priesterdom”; “'n nasie wat vir God afgesonder is”, “die eiendomsvolk van God” en “die volk van God”.

Wat 'n groot voorreg om 'n uitverkore volk te wees, 'n volk wat God uit genade van sy kant af uitverkies het as deel van sy priesterdom sonder dat daar by ons enige verdienste is. Net soos wat hierdie beskrywings eenmaal by Israel 'n nuwe selfkennis en roepingsbewustheid moes tuisbring en lewend hou, so moet dit vandag ook vir ons as dissipels van Christus bewus maak van ons unieke bestaan en roeping as vrygemaaktes.

'n Vrygemaakte mens is iemand wat losgemaak is van die bande van die sonde, weergebore is en wat die Heilige Gees ontvang het. Soos 2 Korintiërs 3:17 tereg noem: “waar die Gees van die Here is, is daar vryheid.” Jou sondige lewe bepaal dus nie meer die rigting van jou lewe nie. Die rigting van jou lewe word bepaal deur die nuwe verhouding met Christus. Om in Christus te wees, gee aan Christene 'n unieke identiteit. Die losmaak van die sonde verbind ons vir ewig aan Jesus Christus.

Daarom kan ons nie anders as om die taak en funksie van die priesters van die Ou Testament om God se genade te verkondig in dankbaarheid op te neem nie. Gelowiges wat Christus volg, word geroep om saam met die dissipels van die Nuwe Testament die taak op te neem om die goeie nuus van Jesus Christus aan die hele wêreld te verkondig.

### 3. Vrygemaak om as priesters op te tree

As ons vandag een van die seuns van Aäron sou kon nader en hom kon vra hoe hy 'n priester geword het, sou hy met stelligheid kon antwoord dat dit eerstens sy geboortereg binne die priesterlike

familie is en, tweedens, omdat hy in die priesterlike bediening volgens die voorskrifte van Eksodus 29 bevestig is. Hy is gewy deur die was met water, besprinkeling met bloed en salwing met olie.

In Christus is ons ook priesters want, deur Hom, is ons van God gebore. Dan is ons ook gewas en gereinig deur die Woord (1 Petrus 1:22-23). Ons is gereinig deur die kosbare bloed van Christus (1 Petrus 1:19) en ons het die Heilige Gees ontvang (1 Petrus 1:12) waarvan die salwing met olie die simbool is. Ons het na Christus gekom, "die lewende steen wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is" (1 Petrus 2:4). Daarom is ons priesters. Net soos die seuns van Aäron priesters geword het omdat hulle aan God behoort het en uitgekies was vir sy priesterlike bediening, behoort ons as wedegebore Christene aan God wat ons in Christus deur die genade uitverkies het.

#### **4. Ons moet onthou wat priesterskap behels**

Maar laat ons onthou dat dit een ding is om 'n priester genoem te word, maar iets heel anders om werklik ons priesterlike pligte uit te oefen. Priesterskap spreek van ons diens aan God in die samelewing. Ons priesterskap is gegrond op en gerig tot God. Ons is geroep om offers aan die Here te bring. Ons moet die lof van Hom wat ons uit die duisternis na sy wonderbare lig geroep het, verkondig en ons moet ons priesterskap uitleef. Die verkondiging vind gestalte in woorde, maar ook in dade.

As priesters het ons die taak om voorbidding te doen, net soos die priesters in die Levitiese orde vir die Israelitiese volk ingetree het. Daarom herinner ons skrifgedeelte ons as gelowiges aan ons verantwoordelikheid om met 'n nederige en opregte gesindheid te bid vir Christus se kerk, ons samelewing, ons regering en leiers, ons land en almal wat hier woon.

Maar hierdie taak strek ook verder as gebed. As ons daadwerklik gehoorsaam wil wees aan God se oproep tot ontfermende geregtigheid, moet ons bereid wees om uit te reik na die verstotenes en verwerptes, die verontregtes in ons gemeenskappe, die vrou wat deur haar man geslaan word, die wat honger is, diegene waarteen gediskrimineer word, hulle wat geïgnoreer word, dwelmverslaafdes, diegene wat plat teen die grond is, mense sonder hoop vanweë hul omstandighede of selfs vanweë die onbetrokke swye van Christene binne hul gemeenskappe.

Ons word verder uitgedaag deur die vraag of ons as priesters bereid is om die sensitiewe sake in ons kerke, gemeenskappe en samelewing aan te spreek. As vrygemaaktes deur Jesus Christus word ons priesterlike identiteit gekenmerk deur deernis vir en betrokkenheid by die leed en lyding van mense, om Jesus se genade en liefde oral te bedien.

#### **5. Gebedstemas**

- Ons bid vir die nood en maatskaplike uitdagings in ons gemeenskappe.
- Ons bid vir wysheid vir ons kerk wat ons gemeenskappe bedien.
- Ons bid vir ons regering en leiers wat besluite vir ons land neem.

## **Dag 7: Christus het ons vrygemaak om anders te werk te gaan**

1 Korintiërs 1:17-31 en 9:16-27

Myrtle Neewat-Joubert

### **1. Die Kerk het uitdagings!**

Paulus het gehoor van verskeie probleme in die gemeente van Korinte en reageer in ons skrifgedeelte veral op partyskappe en onenigheid in die gemeente self.

### **2. Verdeeldheid in die gemeente**

'n Sielkundige het by geleentheid twee groepe kleuters bestudeer. Hy het die kinders vir dae lank met dieselfde speelgoed laat speel. Elke groep het 'n eie gedragspatroon ontwikkel en eie gebruike oor wie met watter speelgoed speel. Toe die gedragspatrone gevestig is, het die sielkundige 'n ander kind by elke groep gesit as leier. Die leiers was agtien maande ouers as die res van die groepslede en het tekens van dominansie getoon. Die nuwe leiers het probeer beheer neem, maar het meestal misluk. Volgens die sielkundige het die groepe die leiers aanvaar, maar hulle gebruike op die leiers afgedwing. Die een leier het uiteindelik beheer oor sy toegekende groep gekry, nadat verkeie groepslede dae lank moes poog om die ander te oortuig om die leier te aanvaar.

Die eksperiment van die sielkundige laat 'n mens dink aan die situasie in die gemeente van Korinte. Die Korintiërs het verskillende leiers gesteun wat groeppvorming tot gevolg gehad het. Party was lojaal aan Paulus, ander aan Petrus en nog 'n groep aan Apollos. Hierdie verdeeldheid is die rede waarom Paulus aan die Korintiërs skryf.

Lojaliteit teenoor leiers en gedragkodes behoort Christene nie in klieke te verdeel nie. Christene word geroep om aan Christus lojaal te wees. Hý is die hoof van die gemeente. Paulus praat reguit en eerlik met die Korintiërs oor die verdeeldheid wat in sy afwesigheid onder hulle ontstaan het. Die Korintiërs het Christus met hul argumente as't ware in stukke verdeel. Die argumente en ideologieë van ons dag kan Christengelowiges eweneens in dieselfde slaggate as die Korintiërs laat trap.

### **3. Hoogmoed lei tot dwaasheid**

Die gemeente van Korinte was nie volmaak nie. Paulus moes na 'n lang lys klagtes van en oor dié gemeente luister. Hierdie gemeente het 'n diverse samestelling gehad. Daar was geleerde en invloedryke mense in hierdie groot sentrum van die Romeinse Ryk met sy handelsbedrywighede; daar was mense met politieke gesag, mense wat heidense godsdienste en sedeloosheid beoefen. Daar was ook mense van 'n nederiger agtergrond soos baie van die gemeentelêde (1 Korintiërs 1:26). Die vestiging van 'n gemeente van Christus binne dié konteks was wel rede tot vreugde.

Dit is egter hartseer dat van die Korintiërs hul nederige oorsprong vergeet het en hulleself verhef het. Die Korintiërs het oor die wysheid van die wêreld en die verkondigers daarvan geroem, maar hulle trots het verdeeldheid gebring. Volgens dié denke was dit onlogies en dwaas om te glo Jesus Christus het gesterf en opgestaan om vir sondaarmense die ewige lewe te verdien. Maar volgens Paulus is dit juis dwaasheid om die offer van Jesus Christus te verwerp. Die boodskap wat Paulus beklemtoon, is die krag van God wat lê in die oënskynlik dwase erkenning van gelowiges dat hulle in Jesus Christus glo (1 Korintiërs 1:18 en 24).

Die Korintiërs het hulleself ook op intellektuele en geestelike gebied as meerderwaardig teenoor ander beskou. Hulle het hul oorsprong vergeet, asook die rede waarom God hulle geroep het. Paulus bring insigte wat vandag net so toepaslik is vir groepe, individue en die kerk wat met eietydse

argumente en ideologie worstel. Paulus wil sy lesers se doen en late korrigeer met sy onderrig en teologiese beginsels.

#### **4. Paulus verkondig God se wysheid en roem**

God se wysheid is vir die gewone mens onsin. Paulus het gehoor van mense in Korinte wat hulle skuldig maak aan seksuele onsedelikheid en nie ag geslaan het op medegelowiges se vermaning nie. Daar was ook wanopvatting oor die huwelik en die wyse waarop Christene hulle liggame moes sien. Hulle het vergeet dat hulle leefwyse hulle geloofsoortuiging moet weerspieël. Paulus waarsku dat Christene nie mag toegee aan sondige gedagtes of gebruikte nie. Christene moet waak om nie met die wêreld saam te smelt nie.

Paulus beklemtoon dat volgelingen van Christus moet leef volgens die voorskrifte van God in die Bybel. God se verlossing is nie afhanklik van menslike krag of wysheid nie. Daarom kan mense nie in hulleself roem nie, maar moet hulle alleenlik in God en sy krag roem. God het wat niks was, naamlik sondaars, kinders van Hom gemaak.

Paulus se roem lê nie in sy besondere verkondiging van die evangelie nie, maar in die genade van God wat hom daartoe bekwaam het. Hy beskou dit as sy godgegewe taak wat sy lewe dryfkrag gee. In 1 Korintiërs 9:19-22 skryf Paulus dat hy vry is om enigiets te doen, maar in vers 24 tot 27 beklemtoon hy die belangrikheid van dissipline in die Christen se lewe. Paulus sê die gelowige is vry om self te besluit oor dinge wat nie uitdruklik in die Skrif voorgeskryf word nie, maar hyself wend nie sy vryheid aan vir eie gewin nie. Christus het ons vrygemaak om anders te werk te gaan.

#### **5. Oproep om anders te werk te gaan**

Gedurende Pinkster 2017, reeds 500 jaar sedert die Hervorming die geskiedenis van die kerk onherroeplik verander het, word die kerk in Suid Afrika gekonfronteer met, onder andere, die *Wetsontwerp op die Voorkoming en Bestryding van Haatmisdade en Haatspraak*. Verskeie kerke maak kaspie teen die wetsontwerp omdat hulle glo die hart en gesindheid van mense kan nie deur wetgewing gereguleer word nie, maar slegs deur 'n lewenstyl wat op die Bybelse riglyne van liefde en respek gebou is. Dit klink baie na Paulus se pleidooi vir 'n gedissiplineerde leefstyl. In Suid-Afrika bots mense ook oor regte van individue en groepe, soos die reg op vryheid van spraak, die regte van armes, vroue, kinders, mense met verskillende seksuele oriëntasies, ens.

Die kerkhervormers het ons bewus gemaak van absolute waarhede en aan ons die gawe geskenk om voortgaande te hervormeer. In Paulus se brief aan die Korintiërs bespreek hy spesifieke situasies en maak hy radikale uitsprake. Met die viering van Reformasie 500 word ons gemaan om balans te vind tussen om ten volle Christen te wees en om ten volle mens te wees, terwyl ons vashou aan die kern van ons geloof.

Vraag 60 van die Heidelbergse Kategismus (NGKSA, s.a.) begelei ons op hierdie pad:

Hoe is jy regverdig voor God?

Antwoord: Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus (a); so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die geboeie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie (b) en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is (c), God nogtans (d) aan my sonder enige verdienste van my kant (e), uit louter genade (f) die volkome genoegdoening (g), geregtigheid en heiligheid van Christus skenk (h). Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het (i). Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart (j) aanneem.

Mag God ons die genade skenk om die wedloop voluit te hardloop.

Laat ons dan die Nuwe Sionsgesang 317 hartlik saamsing: “My enigste troos in lewe en dood is dat ek aan Christus behoort, dis my anker my vaste Hoop.”

### **7. Gebedstemas**

- Bid dat die kerk van Christus haarself sal herdefinieer om eenheid te bevorder.
- Bid dat Christene anders te werk sal gaan met mense wat anders is.

### **8. Verwysings**

NGKSA. s.a. *Heidelbergse Kategismus*. Beskikbaar op <<http://kerkargief.co.za/formuliere/>>.

## **Dag 8: Christus het ons vrygemaak om vreesloos in die openbaar te leef**

Galasiërs 2:1-10 en 2:21

Joseph Pali

### **1. Inleiding**

Soms bevind ons onself in situasies wat ons geloof toets. Dikwels is ons reaksie óf om vas te staan en die situasie te konfronteer óf om terug te trek om seerkry te vermy. Maar, as volgelinge van Christus, is ons gewaarsku oor die komende en moontlike vervolging, konfrontasie en lyding in die bediening van Christus (Matteus 10:17-18 en Markus 13:9).

In 'n brief aan die gemeentes in Galasië, skryf Paulus aan die gelowiges dat hulle die waarheid van die evangelie wat hy vir hulle gepreek het, moet aanvaar. Sommige valse leraars van Jerusalem het die waarheid van Paulus se evangelie en sy apostelskap bevraagteken. Uit Galasiërs 2:1-10 en 2:21 kry ons 'n idee van hoe Paulus op hierdie uitdaging reageer het.

### **2. 'n Besoek aan Jerusalem**

In Galasiërs lees ons van 'n besoek van Paulus aan Jerusalem. Uit Galasiërs 1:18 en 2:1 leer ons dat dit, sedert Paulus se bekering, sy tweede besoek aan Jerusalem was. Die beweegrede vir die besoek was 'n goddelike openbaring: "God het dit aan my geopenbaar dat ek moet gaan" (Galasiërs 2:2, 1983-vertaling). Dit was moontlik ook om betrokke te raak by hulpverlening (Handelinge 11:27-30) en om in gesprek te tree met apostels soos Jakobus, Johannes en Petrus oor die bediening aan nie-Jode. Dit is duidelik dat Paulus se besoek aan Jerusalem nie was omdat hy daarheen ontbied is nie, maar as gevolg van God se leiding.

Paulus se besoek aan Jerusalem het plaasgevind op 'n tyd wat God besig was om die kerk en die apostels te oortuig dat beide Jode en nie-Jode vrygespreek word alleen deur geloof in Christus en nie deur die wet nie (Handelinge 10:34-36 en Galasiërs 5:2-3). Paulus, as die verkose werktuig van God, was die taak opgelê om die evangelie aan beide Jode en nie-Jode te verkondig (Handelinge 9:15). Dit lyk of daar bietjie teësnagtheid was om hierdie nuwe visie van God se bediening te aanvaar; ons lees byvoorbeeld van opposisie teen Paulus in sy brief aan die Galasiërs, van die visioen wat Petrus gehad het (Handelinge 10:9-16) en Petrus se konfrontasie met ander Joodse Christene (Handelinge 11:2).

Daar word gesê dat dit die beste is as goddelike transformasie die hart van 'n instelling betrek en by die leierskap begin. Dis daarom gepas dat God die leiers binne die hoofkwartiere van die kerk in Jerusalem betrek het. Paulus se besoek aan Jerusalem was dus 'n middel tot hierdie goddelike doel.

### **3. Paulus se reisgenote**

'n Besoek aan Jerusalem het 'n bedreiging vir Paulus se persoon ingehou as gevolg van sy vorige vervolging van Christene (Galasiërs 1:13). Paulus het Barnabas, 'n Joodse Christen wat die Galasiërs goed geken het en wat hom ook op sy eerste reis vergesel het, geneem (Handelinge 13-14) asook vir Titus, 'n Griekse Christen wat onbesny was en in wie se bekering Paulus 'n werktuig was.

Paulus is dapper om 'n onbesnedene met hom saam te neem na die hoofkwartiere van die kerk in Jerusalem om met die apostels oor die bediening aan nie-Jode in gesprek te tree. Meer nog, om 'n Joodse Christen en 'n Griekse Christen wat nie besny is nie saam te neem, wys op die eenheid en vredevolle naasbestaan van Jood en nie-Jood in Christus. Dit het Paulus se rol onder beide groepe ondersteun maar, en dis die belangrikste, dit is gedoen om medewerking met die apostels in Jerusalem te vestig en om 'n beroep te doen op alle Joodse Christene om nie-Jode as hulle

medegelowige in Christus te aanvaar. Dit was onontbeerlik vir Paulus om te keer dat sy bediening nie sonder vrug sal wees nie en om die invloed van sy opponente omver te werp.

#### **4. Valse broers**

Paulus het geweet dat hy opposisie sou teëkom in Jerusalem, maar hy het geglo dat hy die Heilige Gees ontvang het en, die Gees van God, sê Paulus in 2 Timoteus 1:7, “maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.” Daarom het Paulus sterk gestaan en nie sy opponente gevrees nie, maar openlik gesê dat hulle vals was.

Die dispuut tussen Paulus en sy opponente was hoofsaaklik oor die waarheid van die evangelie wat Paulus aan die nie-Jode gebring het en oor sy gesag as apostel. Paulus se boodskap tot die nie-Jode het die ritueel van besnydenis volgens die Joodse wet verwerp as wetties. Om ’n mens te onderwerp aan die Joodse wet en ritueel as deel van die verlossingsproses sou, inderwaarheid, die wins van sy dood waardeloos maak (Galasiërs 2:21). Ons geregtigheid voor God is ’n genadegawe en kan slegs deur die geloof verkry word. Vir Paulus het die beskuldigings die Christelike vryheid wat deur die dood van Christus verdien is, bedreig en dit wou weer van mense slawe maak (Galasiërs 2:4).

Laastens, Paulus se gesag as apostel was deur sommige gesien as minderwaardig teenoor dié van die ander apostels. Paulus verduidelik in Galasiërs 1:11-12 dat die evangelie wat hy verkondig het aan hom openbaar is deur Christus en dat dit nie ondergeskik was aan die gesag van die ander apostels nie. Gedurende sy besoek aan Jerusalem is sy evangelie onderskryf en goedgekeur deur die ander apostels. Die handeling van Paulus se opponente, daarenteen, wys dat hulle nie geïnteresseerd was in samewerking en eenheid binne-in die kerk nie. Hulle het onderskeid, status en tradisie bo en behalwe die evangelie beklemtoon.

In ons kerke het ons voorstanders wat direk of indirek gelykheid van tradisie, kerkorde en denominasie in die uitbring van die evangelie propageer. Ongelukkig is die Hervorming se beginsels soms verstaan dat dit onderskeid en uitsluiting van ander beteken. Dit het daartoe gelei dat min Christene in Afrika in die verlede hul gedeelde broederskap en susterskap in Christus kon ervaar.

#### **5. Die pilare van die gemeente**

Paulus beskryf die apostels Jakobus, Johannes en Petrus as die “pilare van die gemeente” (Galasiërs 2:9). Hy het hulle daarvoor gerespekteer dat hulle voor hom apostels van Christus geword het en hulle het vir Paulus en Barnabas die regterhand gegee as teken dat hulle medewerkers was. Daar was dus aanvaarding van vennootskap en ’n erkenning van diversiteit tussen Paulus en die ander apostels. Paulus sou hoofsaaklik fokus op die bediening aan die nie-Jode terwyl die ander apostels hulle sou toespits op die uitdra van die boodskap aan die Jode.

Dit is belangrik om te let dat die apostels wel vir Paulus gevra het om die armes onder hulle te onthou. Paulus het hom dus steeds vir hierdie “liefdesdiens” (Galasiërs 2:10) beywer en het kerke in Masedonië en Achaje aangemoedig om die armes in Jerusalem te ondersteun. Dus het hy in sy sending vir die armes omgee en die insameling van aalmoese georganiseer.

#### **6. Verkondiging en optrede**

Die verkondiging van die evangelie behoort ook gepaard te gaan met konkrete aksie om ongeregtheid in die wêreld stop te sit. Dwarsdeur die geskiedenis is daar voorbeelde van waar kerke die eerste aspek van bediening ten koste van die tweede beklemtoon het, of omgekeerd. Baie Westerse sendings in Afrika het persoonlike geloof beklemtoon en het te min belang getoon in die konkrete optrede teen maatskaplike ongeregtheid. Dit was onbybels en teen die gebruike van

Afrika. Die gevolg van die verwaarlosing van hierdie aspek van Christelike bediening is dat maatskaplike uitdagings in Afrika lyk asof dit die invloed van Christenskap in Afrika wil oorweldig.

Afrika het meer Christene nodig wat sterk en aktiewe agente van diepgaande verandering is en bereid is om euwels in die gemeenskap te bestry. Hierdie diepgaande verandering moet eerste by ons kerke begin en dan uitbrei na die buitewêreld.

### **7. Gebedstemas**

- Laat ons daardie dienaars van God wat ter wille van die bediening van die evangelie gely het, onthou.
- Laat ons nadink oor die maatskaplike uitdagings van die globale wêreld en in die besonder, oor die van Afrika as 'n kontinent en Suid-Afrika as 'n land.
- Drie-enige God, ons bewonder u wese, u almagtige krag en u oneindige liefde vir ons as u dienaars en as deel van u skepping in hierdie wêreld, Amen.



## **Dag 9: Christus het ons vrygemaak om vir God se skepping te sorg**

Romeine 8:19-21

Christina Landman

### **1. Inleiding**

Paulus se brief aan die Romeine vervul 'n mens met verwondering. Ja, dis al meer as 1960 jaar gelede geskryf, iewers tussen 55 en 57 nC. En nog steeds laat dit jou na jou asem snak. Paulus het natuurlik nie sy brief in hoofstukke geskryf nie, maar wat ons vandag as Hoofstuk 8 ken, is werklik iets waaraan 'n mens jou kan verwonder. Hier vertel Paulus ons hoe ons as vrygemaaktes kan lewe.

Die Christene aan wie Paulus in Rome skryf, was aan baie staatsdruk uitgelewer, aan baie versoekings, ja, selfs aan vervolging. Jy kon nie binne daardie konteks in jou loopbaan vorder as jy nie vir die Romeinse gode wou offer nie. Jy kon selfs jou lewe verloor, en beslis jou vryheid.

Paulus skryf aan hierdie mense oor die wonder van lewe as 'n vrygemaakte mens. Maar waarvan maak ons geloof in Christus ons vry? Kom ons kyk na ten minste vyf dinge wat Paulus sê.

### **2. Vrygemaak om in God se heerlikheid te deel**

In Romeine 8:18, net voordat ons teksgedeelte begin, skryf Paulus: "Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie" (1983-vertaling).

Wat beteken dit om in God se heerlikheid te deel? Ek dink dit beteken om te groei na 'n waardige en waardevolle lewe. In Paulus se tyd is Christene se siele geknak en hulle liggame gebreek. Hulle lewens was niks werd nie. Onwaardig, is hulle gebroke liggame in die openbaar vertoon.

Om in God se heerlikheid te deel, is om waarde en waardigheid te hê. Wat 'n boodskap was dit nie vir die mense van hierdie tyd nie! En watter boodskap is dit nie vir ons vandag nie. Nog nooit in die geskiedenis van die mensdom het soveel mense so swaar gekry nie. Na hulle kan ons 'n hand uitreik met die boodskap: Die pad met God is 'n pad na die heerlikheid van waardevol wees.

### **3. Vrygemaak om nuut te lewe**

Ons hele skrifgedeelte, die voorafgaande en opvolgende dele ingesluit, ruik nuut. Dis soos wanneer 'n mens 'n nuwe kar koop. Jy kan nie ophou om die nuutheid daarvan te ruik nie. So is ons geloof in Christus ook. Dit oortuig ons om te glo daar is nie 'n einde nie. Alles word gedurig nuut.

Ons kan elke dag met die geloof opstaan dat vandag nuut sal wees. Dat ons nuwe kanse sal kry om ou dinge reg te maak. Dat ons nuwe oplossings vir ou probleme sal kry. Dat ons nuwe moed vir ou moedeloosheid sal kry.

### **4. Vrygemaak om sonder bekommernis en vrees te lewe**

Die hele brief aan die Romeine vertel dat ons vrygemaak is - ook van ons bekommernisse - en veral van ons vrese. Die Romeinse Christene het dikwels gevrees vir hulle lewens. Paulus ook. Maar Christus maak ons vry van ons vrese, want God maak alles nuut. Met God is daar nie agteruitgang nie. Met God is daar nie verlies nie. Ons kan leef - en sterf - sonder vrees. God laat ons nooit alleen nie. Hy sal ons nie eens in moeilike tye alleen laat nie. Ook nie eens in die graf nie.

### **5. Vrygemaak om sin te gee aan ons lewens**

Die waarde wat ons in Christus het - die hoop, vryheid en nuutheid wat dit ons gee – dit maak dat ons lewens sin het. En ons kan sin maak uit ons lewens. Want ons is nie net liggame wat rondgestoot en seergemaak kan word nie. Ons is méér as ons liggame. Ons kan uitreik na mekaar. Ons kan probeer om dinge beter te maak. Ons kan elke dag deelneem aan die nuutheid van die lewe. Ons kan glo dat ons meer is as net 'n verganklike liggaam.

## **6. Vrygemaak om vir die skepping te sorg**

Hierdie is eintlik ons tema vir die dag: Ons is vrygemaak om vir God se skepping te sorg. Maar wat bedoel Paulus met “die skepping”? Waarna verwys hy? Wel, hy verwys na die plante en die diere. Dis so eenvoudig as wat dit is. Kom ons vestig ons aandag op drie dinge in ons skrifgedeelte:

*Die skepping is deur God geskape.* Dis immers hoekom dit “die skepping” genoem word. Dis geskape. Dis nie iets wat ons geskep het nie. Ons het dit van God gekry om te onderhou. God het ons vrygemaak - nie om oor die skepping te heers asof ons dit kan misbruik en uitput soos ons wil nie. Ons moet meehelp om die skepping vry te maak. Die skepping moet vooruitgaan en nie terugval in verwaarlosing of oorweldig word deur skadelike gasse en so warm begin kry dat die pole smelt nie. In die natuur word die skepping self en natuurlik herskep; dit kan elke dag nuut word en nuwe saad en geboortes voortbring. Maar mense gebruik die skepping op sodat dit nie self kan vernuwe soos God se doel daarmee was nie.

Die skepping het waarde omdat dit deur God geskape is. Dis wat ons moet respekteer en koester.

*Die skepping het sy doel verloor.* God se doel met die skepping was dat mense, diere en plante hier saam sal woon en mekaar sal onderhou, sodat God se heerlikheid sal toeneem na mate ons daarvan deel word.

Maar ons is vrygemaak om die skepping te onderhou en nie langer te misbruik nie. Hier beteken “vrygemaak” dat ons nuwe insig het, dat God ons aangestel het oor die skepping, nie om dit op te gebruik nie, maar om die waarde daarvan te erken wat God daaraan toegeken het.

*Die skepping sal volledig vernuwe word.* Volgens ons teksgedeelte glo ons ook dat daar 'n tyd sal kom wanneer Christus oor 'n nuutgemaakte aarde sal heers en daar geen meer tranes en verlies sal wees nie. Tot daardie tyd kom, moet ons as vrygemaaktes saam met die skepping leef – saam deel van God se heerlikheid, saam waardevol omdat God waarde aan almal en alles gee, saam aangewese om mekaar te vernuwe.

## **7. Gebedstemas**

- Here, gee ons die krag en insig om mekaar en die skepping te vernuwe. Laat ons mekaar vrymaak tot nuwe lewe, elke dag.
- Here, help ons om die waarde in ander raak te sien. En in onself. Maak ons vry om die waarde in mekaar en in die skepping raak te sien – en te vier.
- Here, dankie dat U ons waardevol gemaak het, en sin aan ons lewens gegee het. Laat ons saam met die skepping die doel nastreef wat U vir ons het.

## **8. Verwysings**

Boice, J.M. 1992. *Romans, Volume 2: The reign of grace*. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

## **Dag 10: Pinkstersondag: Christus het ons vrygemaak om 'n nuwe lied te sing**

Psalm 137:1-4 en Openbaring 5:9-10

Derik Myburgh

### **1. Om te sing of nie te sing nie**

Dwarsdeur die Bybel vind ons mense wat sing. As die gesproke woord nie genoeg is om oor God te praat nie, is sing die volgende stap. Moses hef 'n loflied aan nadat God die Israëliete veilig deur die see gelei het (Eksodus 15:1-19). Dit word voortgesit deur Mirjam, begelei met tamboeryn en dans (Eksodus 15:20-21). Dawid is onder andere bekend vir die Psalms in die Bybel. Sagaria sing 'n loflied na die geboorte van Johannes die Doper (Lukas 1:68-79) en Maria se lofsang (Lukas 1:46-55) besing die grootheid van God. Die boek Klaagliedere en ook 'n aantal Psalms dra die digters se pyn en wroeging oor omstandighede waardeur hulle moes gaan oor. God word opgeroep om iets daaraan te verander, en trou te bly aan die verbond wat Hy met Israel gemaak het.

### **2. 'n Verslane en verslae volk**

Psalm 137 beskryf mense wat nie meer kan sing nie. Die digter beskryf die diepste ellende waarin God se volk hulle bevind as bannelinge in Babel na die val van Jerusalem. Hulle het alles verloor. Hulle is ontwortel, ontnem van alles wat waarde het en uitgelewer aan hulle oorheersers. Hulle moet ook nog die spot verduur van hulle oorheersers wat eis dat hulle 'n lied oor Sion moet sing.

Sion was die tempelberg in Jerusalem, en derhalwe méér as net 'n plek. Sion was die simbool van God se teenwoordigheid by sy volk. Op hierdie plek is offers gebring en daar het die hoëpriester een keer per jaar namens die volk die allerheiligste deel van die tempel betree om namens hulle offers te bring. Die Babiloniërs het egter die hele stad geplunder en verwoes. Die tempelskatte is verwyder, die geboue afgebreek en die inwoners in ballingskap weggevoer.

Dit het die volk in 'n krisis gedompel. Die sentrum van hulle godsdiens was tot niet. God waarskynlik ook. Daar was geen vastigheid onder hulle voete meer nie. Daarby beveel hulle oorheersers dat hulle 'n Sionslied moet sing. Maar Sion is nie meer nie! Sion hoort tot die verlede. Daar is net chaos en die bannelinge is moedeloos, gestroop van hul eer, hul hoop en hul staat. Om die grootheid en lof van Sion te besing is onmoontlik. Daarom is dit beter om die liere liefs in die bome te hang.

Die Psalm gee nie 'n antwoord op die krisis nie, maar in die laaste twee verse word die vooruitsig wel uitgespreek dat Babel ook tot 'n val sal kom.

### **3. 'n Nuwe lied**

In Openbaring 1:9 en verder, ontmoet ons nog 'n banneling, Johannes. Hy was as politieke gevangene verban na die eiland Patmos om hom stil te maak en te verhoed dat hy die radikale boodskap dat God in beheer van die ganse werklikheid is verkondig. Keiser Domitianus het homself tot god verhef en het geen teenstand geduld nie. Die kerk van Christus het in ongeveer 95 nC, toe die boek geskryf is, erge verdrukking en vervolging beleef.

Die Openbaringboek is eerstens 'n troosboek aan gelowiges om hulle te versterk in hierdie tyd van vervolging. Dit is egter ook 'n protesstem teen die magsvergrype van die Romeinse keiser, wat gelowiges daarop wys Jesus het reeds oorwin. Die maghebbers spreek nie die laaste woord nie. Daarom lees ons byvoorbeeld in Openbaring 1:8: "'Ek is die Alfa en die Omega,' sê die Here God, Hy wat is en wat was en wat kom, die Almagtige" (1983-vertaling).

Die boek is in sterk simboliese taal geskryf. Dit is moeilik om al die beelde te verstaan, of selfs te visualiseer. Getalle speel 'n belangrike rol, byvoorbeeld die syfers sewe en vier, asook veelvoude van

12. Die boek behoort tot die apokaliptiese literatuurvorm, soos die geval is met die laaste deel van die boek Daniël, asook dele van Ezechiël en Sagaria.

In Openbaring 4 bevind Johannes homself in die troonkamer van die hemel. Hy sien 'n troon waarop iemand sit. Die beskrywing is in visuele beelde, maar is meestal buite ons verstaanshorison. Rondom die troon was 24 ander trone, waarop 24 ouderlinge gesit het. Tradisioneel word hulle gesien as verteenwoordigers van die kerk, 12 stamme van Israel uit die Ou Testament en 12 apostels uit die Nuwe Testament. Die vier lewende wesens wat verder aan beskryf word, dui op die skepping.

In Hoofstuk 5 het Hy wat op die troon sit 'n boekrol in die hand, maar niemand in die hemel of op die aarde is waardig om die boekrol se seëls te breek en oop te maak nie. Johannes was baie ontsteld daarvoor, maar een van die ouderlinge troos hom deur te wys op die Leeu van Juda, die Afstammeling van Dawid wat die oorwinning behaal het en die boekrol kan oopmaak. Johannes sien toe 'n Lam wat geslag is, met sewe horings en sewe oë. Dit dui op die Lam se almag en op die Heilige Gees. Die boekrol is die simbool van God se wil. Slegs Jesus het God se wil ten volle uitgevoer aan die kruis.

Hierop volg 'n nuwe loflied van die ouderlinge en die vier lewende wesens: "U is waardig om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak omdat u geslag is en met u bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie. U het hulle 'n koninkryk en priesters vir ons God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer" (Openbaring 5:9-10). Hierop antwoord die ganse skepping en bring lof aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam. Die ouderlinge en lewende wesens beaam dit in aanbidding.

#### **4. 'n Oudisie vir die koor**

Openbaring 4 en 5 (gemeentelede kan gerus beide hoofstukke vooraf lees) troos ons ook in ons tyd met spanning en probleme hier te lande en oor die wêreld heen. God spreek die laaste woord. Hy is in beheer van die totale geskiedenis en Hy hou sy kerk in stand. Korrupte maghebbers hou nie vir altyd nie. Die Babiloniese Ryk en die Romeinse Ryk is iets van die verlede, maar God is steeds daar. Sy kerk is steeds daar. Die nuwe lied is steeds nuut en word steeds gesing.

En ons, God se mense, word opgeroep om saam te sing. Ons het die oudisie geslaag, al is ons nie aldag so nootvas nie. Ons is vrygemaak deur Jesus. Ons kan maar ons liere en kitare en orrels uit hulle wegsteekplekke gaan haal en saamsing. Die onvoltooide simfonie weerklink deur die hele skepping en ons is deel daarvan, wagtend op dié dag wat die simfonie voltooi sal word deur die Lam wat die boekrol ooggemaak én uitgevoer het.

#### **5. Gebedstemas**

- Bid dat gelowiges die moed sal hê om die nuwe lied van Openbaring te leef en om dié wat nog buite staan te nooi om saam te sing.
- Bid dat die boodskap van Pinkster in 2017 'n daaglikse werklikheid sal bly.